
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**
E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

BIND EN ONTBIND

God hoor en verhoor gebede. Jy is daarvan nou baie seker: dit werk. Te dikwels waag mense net 'n skoot in die donker as dit by gebede kom. Soos ons saamgesels het, het ons baie duidelik besef dat ons in ons gebede moet stand inneem op God se Woord en almal (hemel en aarde) laat weet dat God se Woord vir ons die volle waarheid is, en dat ons onvoorwaardelik daarin glo. Ons het ook geleer dat dit noodsaaklik is om tot God die Vader in die Naam van Jesus te bid en dat ons ook nie om Jesus ontwil bid nie, maar ons eie ontwil. Sommige mense sê dat hierdie besonderhede minder belangrik is, maar dit is uiters gevaarlik om hierdie houding in te neem, want as dit nie belangrik was nie, of as dit nie aan die verhoring van ons gebede sou saak gemaak het nie, sou Jesus dit mos nie herhaaldelik uitgewys het nie. [Lees wat sê Jakobus van verkeerd bid in Jak. 4:3] Ons kan nie die Bybel in kategorieë van belangrik en minder belangrik indeel nie, dis 'n baie groot mistasting. Elke teks in God se Woord is ewe belangrik en ons moet daarmee rekening hou. Kom ons lees nou Matt. 16:19: En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind sal in die hemele gebonde wees en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemele ontbonde wees. (Die 1979 Afrikaanse vertaling sê: **en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly, en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.)**

Hier gee God by monde van Sy Seun vir Sy Kinders 'n verdere gesag wat veral effektief gebruik kan word teen die bose magte wat Satan teen ons in werking stel om ons, ons kinders, ons besittings en alles in verband met ons te steel, te vernietig en te verwoes. (Joh. 10:10)
Hierdie gesag om te bind en te ontbind is ons direkte wapen teen die inwerking van die duiwel in ons gemoed en lewens, want in Jesus se Naam kan ons daardie invloed en

werkinge bind sodat hulle geen verdere afbrekende gevolge in enige situasie kan voortbring nie.

Jesus gee ons 'n pragtige voorbeeld in Lukas 13 vanaf vers 10: **En Hy was besig om op die sabbat in een van die sinagoges te leer. En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid agtien jaar lank gehad het, en sy was innekaargetrek en glad nie in staat om regop te kom nie. En toe Jesus haar sien, roep Hy haar en se: Vrou, jy is van jou krankheid verlos. En Hy het haar die hande opgelê, en onmiddellik het sy regop gestaan en God verheerlik. Maar die owerste van die sinagoge, wat verontwaardig was dat Jesus op die sabbat genees het, antwoord en sê vir die skare: Daar is ses dae waarop 'n mens behoort te werk; kom dan op diè dae en laat julle genees en nie op die sabbatdag nie. Toe antwoord die Here hom en sê: Jou geveinsde, maak elkeen van julle nie op die sabbat sy os of esel van die krip los en lei hom weg om hom te laat drink nie? Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is, wat die Satan – dink daaraan! – agtien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die sabbatdag verlos word nie? En toe Hy dit sê, het al sy teëstanders beskaamd geword; en die hele skare was bly oor al die heerlike dinge wat deur Hom gebeur het.**

Die Woord sê dat alle Skrif deur die Heilige Gees geinspireer is sodat ons daaruit kan leer en reageer. Jesus het ons ook beveel om die werke te doen wat Hy gedoen het en hier is 'n pragtige voorbeeld hoe Hy in hierdie instansie die duiwel hanteer. Jy kan ook so Satan se magte bind wat inwerk om jou finansies te kreupel en te verhoed dat jy en jou gesin genoeg het om gerieflik te lewe. Jy kan so Satan se magte bind wat inwerk om jou man te verslaaf aan alkohol of enige ander aftakelende gewoonte.
Hou altyd in gedagte dat God se Wil vir jou lewe, as Sy Kind, opgeteken is in die Bybel. As jy dus in Sy Gebooie wandel waarvan die belangrikste liefde vir God en vir jou medemens is. (Matt. 22:34-40) is dit God se Wil dat jy gesond sal wees, dat jy sielsvrede sal hê, dat jy lewe en oorvloed sal hê, dat jou huwelik en jou beroep geseënd sal wees. Die Bybel sê: **die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind (1 Pet. 5:8)** Hy stuur sy magte uit om in te werk op jou om ongeluk te veroorsaak. Maar deur hierdie magte te bind in Jesus se Naam, beperk en vernietig jy daardie werkinge.

As Twee van Julle Saamstem
Matt. 18:19: Weer sê ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemel is. Laat ons nie enige beperkings op hierdie woorde plaas nie, laat ons Jesus op Sy Woord neem: al vereistes hier is dat daar twee gelowige persone moet wees en hulle moet op die aarde wees en hulle moet saamstem en God sal getrou wees. Die gebed moet in lyn wees met God se Woord en Sy beloftes: **Dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemel is.** Jesus se in Joh. 14:14 dat as ons iets in Sy Naam vra, **SAL** Hy dit doen.

1 Joh. 5:14: **En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy Wil** (Woord).
En net so met hierdie belofte dat waar twee saamstem dit hulle sal ten deel val, luister hoe sterk stel die 1979 Afr. Vertaling Matt. 18:19: **Verder verseker Ek julle: As twee van julle**

op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat verkry.
Ook vers 20 is pragtig: **Want waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle.** Waar twee dus saamstem, daar is Jesus teenwoordig om te voorsien wat hulle vra.

Hou in gedagte dat elke vers in die Bybel daar is met 'n Goddelike doel en vir ons om te gebruik: God weet dat ons geloof ook versterk is as iemand met ons saamstem, daarom moet ons ook van hierdie manier van bid gebruik maak. Soek vir jou 'n gebedsmaat en bid gereeld saam en ondervind self hoe geseënd sulke gebede is. So kan jy en jou vrou/ man ook 'n kragtige span vorm wanneer dit kom by bid en voorbidding, want waaroor julle saamstem sal God Self opvolg bv. herinner God aan Sy Woord.
Ek wil ook dan net hier dit beklemtoon dat ons geen vordering in ons verhouding met God en in ons gebedeslewe sal maak, as ons dit as 'n gewoonte beskou, net 'n minimale tydjie daaraan bestee en met 'n vae hoop rondloop dat God ons gebede miskien sal verhoor nie. Om resultate te kry sal ons erns, groot erns moet maak met ons toewyding en gebedslewe. Dit gaan van jou tyd vra, ekstra tyd, jou beste tyd, en hier beveel ek die begin van jou dag aan, wanneer jy nog fris en wakker is.

God sê in Hooglied 7:12: **Laat ons vroeg gaan....daar sal ek jou my liefde gee.** Let ook op dat Jesus Self vroeg soggens gaan bid het toe Hy op aarde was. Maar selfs die tyd van die dag is ook nie die heel belangrikste nie, maar wel dat jy 'n gereelde, vasgestelde tyd elke dag met God in gebed en Sy Woord deurbring, en dit nie laat verdring deur alledaagse bedrywighede nie. En waak hier teen satan, want hy sal alles in sy vermoe doen om jou so besig te hou – soms selfs met kerklike bedrywighede – dat jy nie jou afsonder en alleen by God kom nie. **Hy is 'n beloner van die wat Hom (met ywer) soek (Heb. 11:6)** – dit is God se belofte.
Ten slotte, lees Mark. 11:25-26: **En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemel is, ook julle oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemel is ook julle oortredinge nie vergewe nie.**

Gebede sal nie werk tensy jy 'n vergewende hart het nie. Jy kan nie weerwraak en haat koester en 'n effektiewe gebedslewe hê nie: daardie gesindheid van terugkry moet verdwyn uit jou hart uit. Moenie eers die kleinste bietjie bitterheid, afguns of wraak vertroetel nie, want dit groei vinnig en verander in groot goggas wat die duiwel meesterlike gebruik, om jou geestelike, en dikwels ook fisies, magteloos te maak en te hou. Onthou die man wat vergewe was het sy naaste nie vergewe nie, en het homself oorgegee aan die pynigers. Jesus het jou vergewe, sal jy nie ook vergewe nie?

Bring gereeld klein griewe en liefdelose neigings in jou hart na God en gee hulle dadelik oor aan Hom en laat Hy jou reinig met die krag in Jesus se Bloed, dan kan jy al die ander reëls van gebed wat ons bespreek het toepas en **God sal dit wat jy vra, vir jou gee.** Halleluja!

Opsomming

Ons moet weet hoe om te bid uit die mond van drie Bybelse Getuies: nl. Matt. 6:7-16; Mark. 11:24-26 en 1 Joh. 5:14-15. Spreek God aan as jou Hemelse Vader, loof en prys Hom voordat jy iets vra. Dit is die sleutel tot Sy teenwoordigheid—danksegging en lofprysing en nie die beskuldigings en bevraagtekens nie. Daarna vra jy jou Hemelse Vader wat jy nodig het – moet hom nie van al jou probleme vertel nie, want Hy weet wat hulle is voordat jy bid. Jesus sê 7 keer in Joh. 14:15-16: **Vra enige iets in My Naam** – Hy sê nie: Vertel my al jou probleme nie, want Hy weet selfs hoeveel hare op jou hoof is en ken al jou probleme. Moet Hom nie beskuldig vir jou probleme nie, want satan en nie God nie, het hulle oor jou gebring en moet nie vir God voorskryf hoe om jou probleme op te los nie, maar vra Sy genade en Goddelike oplossing. Bid altyd die antwoord op die probleem. Jesus is ons voorbeeld en Hy het nooit die probleem gebid nie, maar die antwoord. Nadat jy gebid het, glo dat jou gebede al klaar beantwoord is, volgens Mark. 11:24 wat se: **Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry,** en dan loof God elke dag totdat die manifestasie daarvan plaasvind. Moet nie herhaaldelik weer oor dieselfde ding bid nie, want dan het jy in die eerste plek nie geglo nie en jy kanselleer jou gebed. Jy kan wel die Vader herinner aan Sy beloftes (Jes. 62:6) Jesus Christus het aan die kruis gesterf vir ons sondes, krankhede en siektes. Lees daarvan in Jes. 53:3-4; Matt. 8:17 en 1 Pet. 2:24. Dit is Sy Wil dat dit met ons goed gaan en dat ons gesond sal wees – Hy sê so in 3 Joh. 2. Ons noem hierdie die geopenbaarde Wil van God, want dis in ooreenstemming met Sy Woord net soos dit in ooreenstemming met Sy Woord is dat ons almal gered moet word.

Wanneer ons dan bid vir genesing en ons gebed afsluit met: "as dit U Wil is", sê ons in werklikheid vir God dat ons betwyfel nou Sy Woord, die Bybel en dalk staan SY beloftes van genesing nie meer nie. Sluit liewer jou gebed vir genesing, verlossing, vergifnis, ens. af met die positiewe woorde: volgens U Wil!

THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE
(Click to view)

'n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand

Skatkis

"Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar".

Jesus Christus is die Hoof van die liggaam en daarom wanneer ons in Hom gevestig is ontvang ons Sy opdragte en Heilige Gees wat ons instaat stel om in verskillende rolle te funksioneer, maar wat vir Sy doel werk.

Wat is Sy doel? Hy verlang dat alle mans en vrouens in 'n verhouding met Hom moet wees, en dat elkeen afsonderlik 'n kanaal sal wees sodat Sy koninkryk op aarde sigbaar kan wees.

Watter deel van die liggaam jy ookal is, 'n arm, oog, voete ens. Is elkeen noodsaaklik om sy doel te vervul. Elke bediening, sigbaar of onsigbaar, klein of groot is belangrik vir God se plan om sigbaar te word.

Miskien is jy nie seker wat jou funksie is nie? Belangrikste is dat Sy Koninkryk moet groei. Ons moet Hom presies vra dat Hy aan ons sal openbaar wat Hy vir ons voorberei het om te doen.

Ons hoef nie bang te wees nie omdat ons slegs doen wat Hy reeds vir ons voorberei het. Vervulling bring Sy vreugde en vrede.

Mag ons in Hom rus soos ons in Hom leef, beweeg en is **(Hand. 17:28).**

Nota oor Donasies

Geliefdes,
Ons is so dankbaar vir julle donasies aan ons bediening en wil julle graag persoonlik daarvoor bedank. Ons het nog julle posadresse, maar kan dit nie langer gebruik a.g.v die posstelsel. Omdat julle E-pos adresse nie altyd ooreenkom met julle name nie, is dit moeilik om julle van jul E-posse af te herken. Kan julle asseblief, as dit moontlik is, ons op julle E-pos laat weet wie julle is sodat ons julle kan bedank. Baie dankie.
Ons waardeer elkeen van julle
Liefde groete.

Meg Van Zyl en Gebedspan

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

Die Anker van Jou Siel

“Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus” (1 Kor.3:11).

Jesus is die enigste fondament waarop ons ons gedagtes, houdings, gesprekke en dade op kan bou. Hy is die waarheid wat sal standhou deur elke seisoen en storm tot in ewigheid. Sy waarheid is Sy Woord **(Joh. 1:1-3; Joh.1:14)**. Wanneer die Woord nie ons vaste fondasie is nie, sal ons altyd onstabiel wees in alles wat ons doen. Enige konstruksiewerker weet dat as die fondasie swak of sleg gelê is , dit die hele strukstuur sal beïnvloed. Op dieselfde manier, wanneer ons nie die Woord van God die vaste fondasie van ons lewens gemaak het nie, sal wanneer probleme kom, die swakhede waarin ons geglo het geopenbaar word. Wat ons ookal geglo en op gebou het, wat teenstrydig is met die wil van God, sal ineenstort. Jesus het gesê dat elkeen wat Sy woorde hoor en dit doen, sal wees soos ‘n man wat sy huis op die rots gebou het **(Mat. 7:24-25)**. Daardie rots spreek van Jesus en Sy waarheid is ferm en onbeweegbaar. Alhoewel ons in ‘n wêreld leef wat gedryf word deur konstante teenstelligs; moet die een ding wat in ons lewens moet oorbly die onveranderlike Woord van God wees. Wanneer alles rondom ons rondgeslinger word deur verwarring en vrees, laat God se Woord die anker in ons lewens word – wat ons veilig en voorspoedig in al ons weë maak.

Vir elkeen van julle wil ons weereens dankie sê vir julle ondersteuning deur gebede en donasies, dit beteken vir ons geweldig baie. Ons bid die seën van die Here oor elkeen.

Meg Van Zyl en die Gebedspan



DANCE OF FREEDOM

By David Gericke

I have been standing at the station

Tapping my foot to the music

I have been singing someone else's song, I have been dancing someone else's dance

Standing at the station waiting for the train, waiting for the train

I see a light, bright and beckoning me to come see

As I walk slowly on the tracks I hear the sound of a hammer in time with the beat of the train

Why is there no joy in my heart, no tap of my feet?

What is this before me? Silhouetted in light, a beaten torn discarded body, hung on a cross

All I can hear, all that I can see are the crowds walking, singing, playing their drums to the beat of the train, beat of the train

Not even noticing the sacrifice before them, a redemption on a blood stained cross!

A redemption on a blood stained cross!

Who did this awful thing, who did this awful thing?

I look at my sweaty hands… it is I with a hammer in my hand

It was me who drove the nails into His hands and feet

The crown of thorns upon His head was placed there by me

My disbelief, my mocking, my arrogance, as I look into His eyes I see a Love, a compassion, a sacrifice that says I did this for you!

Oh through the haze of tears in my eyes I hear a beat of the drums – no longer of depression, anxiety, hurt or sickness

But one of joy and celebration, a heart beating with thanksgiving and a mind filled with hope

I am Redeemed I have been set free, shackles and fetters broken

A newness, what Joy fills my heart, a new bounce in my step!

Again I look and I am standing at the station waiting for the train. Tapping my feet to the beat

No longer someone else's song but my own, No longer someone else's dance but my own

As I look around I hear the melody of the worshippers singing a song to the Lamb - the Redeemer!

"Blessing and honour and glory and power be to Him who sits on the throne, And to the Lamb, forever and ever!"

COME SEE – GO TELL (Matt 28:6-7)

By David Gericke

I met Dr James van Zyl and Meg in 1977 through their eldest daughter Deonne, she invited me to lunch and wanted me to meet her family. I was not a Christian and far from it, not that I thought I was a sinner either. Deonne would share the Gospel with me but I was very resistant as I thought these people were very religious. I had heard from other friends that these Churches try to catch the Holy Spirit with brown paper bags under the chairs! Dr James and Meg were very welcoming to me and I became a regular guest at their house in Stanger. On the night of the 22nd of December 1977, in the Stanger Town Hall, I had a life changing experience with the Lord. I took that step of faith and asked Jesus to forgive me and guide me into His Kingdom. My life would never be the same again! Over the next forty years I had the privilege and honour of working with Dr James and Meg.
In 1977 Dr James had his own Medical practice. He was district surgeon, medical officer of health as well as being Mayor of the town of Stanger. To add to his busy schedule he and Meg had a nursery called Exotic Blooms, where they grew Orchids, Anthuriums and Heliconias, as well as a number of ducks and a family of Bantam chickens that ruled the nursery. Meg who is a pharmacist, would locum for other Pharmacists who went on holiday as well as run the Pharmacy at Kearsney Hospital.

In 1974 Dr James and Meg experienced the saving grace of the Lord through Deonne, who had been a Christian since she was 13 years old. She had shared her experience and joy with her parents. Dr James and Meg went to find out what all this was about and God moved in their hearts! They came and saw (come see) Ps 34:8 Oh, taste and see that the Lord is good; Blessed is the man who trusts in Him!
In 1978 Meg was feeling that the Lord wanted them to be in full time ministry but Doctor James felt that he had too many responsibilities to just give up at that time. Dr James started praying for some of his patients and they would come back with testimonies of healing. An African man who was blind with cataracts was led into the surgery by his grandchild. Dr James asked him if he could pray for him, the elderly man was delighted. Dr James prayed for him, he said he could see blurry images. Six months later an elderly African man came into the surgery. Doc looked at him, looked at the card which said prayed for eyes… they were perfectly healed.

The family started praying and seeking the Lord's guidance. Both Dr James and Meg had a very strong desire to share and minister God's Word.
One night in early 1979 a guest speaker came to Stanger from Scarborough England. He didn't know anyone at the meeting but after sharing God's Word he called Dr James forward and said that he would have a healing ministry. As he spoke these words from a clear sky over Stanger, lightning hit the town hall and Dr James acknowledged that God was calling him into full time ministry.

A few weeks later Dr James and Meg were in a meeting and a young lady who was born

totally deaf was prayed for and sat down in front of Dr James. He could see the disappointment on her face. He felt the Lord prompt him to lay hands on her shoulder and as she turned around to read his lips he said "God is going to heal you". This is something he would never have done as a doctor, telling people that he now hears God's voice speaking to him. The next morning Meg phoned him in his surgery and asked him if he had heard about the young deaf lady from the night before. He said he had not! Meg said that the deaf woman had woken up in the morning to the sound of the Sugar Mill sirens. She heard her baby's voice for the first time and as she went outside she heard the crunching of the gravel as she walked and as the day progressed her hearing got stronger and stronger!

A few days later a journalist was coming to Stanger to interview Dr James about his plant nursery. When Dr James came home for lunch he said to the journalist: "never mind about the nursery let me tell you about what God is doing in my surgery!" The article was published and the heading read "The Praying Doctor from Stanger". From the day that article came out, thousands of letters and testimonies flooded the Stanger Post Office and this began forty years of ministry… Come see… Go Tell!

God is inviting you today to come to Him, inquire of Him, come taste and see that He is good! We are told in Matt 6:33 seek first the kingdom of God and all these things will be added to you. In this seeking we acknowledge that we were sinners, we ask for forgiveness and repent. In the repentance we ask Jesus to come and live in our heart and to seal our salvation with His Holy Spirit, we actually do a 180 degree turn in our lives. "Therefore, if anyone is in Christ, he is a new creation; old things have passed away; behold, all things have become new". (2 Cor 5:17) Paul encourages us with these words in Rom 12:1 And so, dear brethren, I plead with you to give your bodies to God because of all he has done for you. Let them be a living and holy sacrifice—the kind he will find acceptable. This is truly the way to worship him. 2 Don't copy the behavior and customs of this world, but let God transform you into a new person by changing the way you think. Then you will learn to know God's will for you, which is good and pleasing and perfect. (NLT) This is what Dr James and Meg did, and it's what they encouraged me as a young believer to do, strengthen our own hearts and minds through God's word!

Go Tell… Dr James based his whole ministry on this verse Mark 16: 15 And He said to them, "Go into all the world and preach the gospel to every creature. 16 He who believes and is baptized will be saved; but he who does not believe will be condemned. 17 And these signs will follow those who believe: In My name they will cast out demons; they will speak with new tongues; 18 they will take up serpents; and if they drink anything deadly, it will by no means hurt them; they will lay hands on the sick, and they will recover." Dr James was a very practical man, if God's Word said it he believed it and acted upon it! Through the length and breadth of South Africa, in most town and city halls, he preached the Gospel. Jesus Christ is the same yesterday, today, and forever. (Heb.13:8) He and Meg saw incredible healings, out pouring of the Holy Spirit and many many lives changed and restored to God, all because they came and saw and went and told.

In this very short testimony of Dr James and Meg, I want to encourage you today. It does not matter where you stand before the Lord or how hopeless you feel your life is, or how broken you feel because of abuses, addictions, shame and even physical torment, come to Jesus today, call upon Him. He loves you and he will and can touch your life! Only you can make that decision, that commitment to Jesus, I pray that you will.
Then we need to go tell, share our testimony and faith with those around us with all the love we can muster!! We are now king's kids, renewed by the Lamb! The Joy of the Lord is now our strength, yesterday is gone, today is a new day in Christ Jesus Hallelujah!
Col 4: 5 Walk in wisdom toward those who are outside, **redeeming the time**. 6 Let your speech always be with grace, seasoned with salt, that you may know how you ought to answer each one.

"Redeeming the time." Take up your opportunities! God will open the doors, He will guide you, sustain you in every situation, we just need to be prepared to GO. We start by living the life, by walking the talk! Being faithful in small things, start sowing seed!! God will water that seed and He will reap the fruit, we need to "Let our speech always be with grace, seasoned with salt…" I have always held onto Rev 12: 11 And they overcame him by the blood of the Lamb and by the word of their **testimony**, and they did not love their lives to the death. People can argue and dispute many things but not a Testimony, it is living proof of God's faithfulness…. Once I was lost but now I'm found! Matt 11:28 Come to Me, all you who labor and are heavy laden, and I will give you rest. 29 Take My yoke upon you and learn from Me, for I am gentle and lowly in heart, and you will find rest for your souls. 30 For My yoke is easy and My burden is light."

Jesus is saying to you today Come to Me, learn from Me, find rest for your souls! Then Mark16: 15 And He said to them, "Go into all the world and preach the gospel to every creature…"

Dr James van Zyl and Meg have passed on the baton to all who read this article. They have shown through their lives and service, that God is faithful and willing to watch over His word in and through all of those who are willing to pick up the baton and continue the race, the Good fight of Faith!!

